



RAISINS SOUTH AFRICA

NPC

Jaarverslag FJ2020





VISIE:

Die groei van 'n volhoubare en mededingende Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf.



MISSIE:

Om waarde te skep vir ons lede en Belanghebbendes.

Dit sal as volg bewerkstellig word:



Verbeter die bedryf se produktiwiteit en winsgewendheid.



Bevorder Raisins SA as 'n topgehalte handelsnaam.



Deel inligting kennis met ons lede in die waardeketting om risiko's te verminder.



Verteenwoordig die bedryf met eenstemmigheid.



Transformasie pro-aktief in die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf te bevorder.

Inhoudsopgawe

Voorsittersverslag	Bladsy 2		
Raisins SA – Samestelling van die direksie	Bladsy 4		
Verslag: Hoofuitvoerende Beampte	Bladsy 6		
1. RAISINS SA OORSIG	Bladsy 12		
1.1 Inleiding	Bladsy 12		
1.2 Oorgang: Vanaf DTD na Raisins SA	Bladsy 13		
1.3 Vordering tot op hede: Raisins SA	Bladsy 13		
1.4 Raisins SA	Bladsy 14		
1.4.1 Visie	Bladsy 14		
1.4.2 Missie	Bladsy 14		
1.4.3 Strategiese fokus	Bladsy 14		
1.4.4 Bedryfswaardes en -beginsels	Bladsy 14		
1.4.5 Sleutelprestasie-areas (Bedryf se doelwitte)	Bladsy 14		
1.5 Personeel	Bladsy 15		
1.6 Raisins SA se advieskomitee	Bladsy 16		
1.7 Verteenwoordiging	Bladsy 17		
1.8 Slotsom	Bladsy 17		
2. INLIGTING VAN MAATSKAPPY	Bladsy 18		
2.1 Inleiding	Bladsy 18		
3. ADMINISTRASIE VAN DIE STATUTÊRE HEFFING EN FINANSIES	Bladsy 18		
3.1 Inleiding	Bladsy 18		
3.2 Struktuur en Bestuur	Bladsy 18		
3.3 Finansies	Bladsy 19		
4. NAVORSING EN ONTWIKKELING		Bladsy 23	
4.1 Oorsig van portefeulje		Bladsy 23	
4.2 Tegnieese advieskomitee		Bladsy 24	
4.3 Befondsingsvennote		Bladsy 24	
4.4 Fokusareas		Bladsy 25	
4.5 Hoëvlak projek terugvoering		Bladsy 26	
4.6 Lesse geleer		Bladsy 32	
4.7 Slotsom		Bladsy 32	
5. MARKNAVORSING, MARKTOEGANG EN MARKONTWIKKELING		Bladsy 33	
5.1 Oorsig van portefeulje		Bladsy 33	
5.2 Fokusareas		Bladsy 34	
5.3 Bemarkingsadvieskomitee		Bladsy 39	
5.4 Hoëvlak projek terugvoering		Bladsy 40	
5.5 Lesse geleer		Bladsy 46	
5.6 Slotsom		Bladsy 47	
6. TRANSFORMASIE		Bladsy 48	
6.1 Oorsig van portefeulje		Bladsy 48	
6.2 Hoëvlak projek terugvoering		Bladsy 51	
6.3 Lesse geleer		Bladsy 54	
6.4 Slotsom		Bladsy 54	
7. OORDRAG VAN INLIGTING, KOMMUNIKASIE EN KENNIS		Bladsy 55	
7.1 Oorsig van portefeulje		Bladsy 55	
7.2 Fokusareas		Bladsy 57	
7.3 Hoëvlak projek terugvoering		Bladsy 58	
7.4 Lesse geleer		Bladsy 61	
7.5 Slotsom		Bladsy 61	
8. VERKORTE FINANSIËLE STATE		Bladsy 62	

Voorsittersverslag


Vir ons as rosyneboere is die droë en warm klimaat 'n groot seën om die beste kwaliteit rosyne te produseer.

Die 2020 seisoen is die vyfde jaar wat ons agtereenvolgens 'n rekord oes kon insamel in die rosynebedryf. Die prys van al ons verskillende tipes rosyne het egter weselik gedaal vir dieselfde periode.

Gedurende 2000 na 2001 het ons Thompson prys ook getuimel vanaf R5.95 na R3.16; dus amper 47% daling. As ons egter oor die langtermyn na die bedryf kyk sal ons die volgende opmerk: rosynepryse is onderhewig aan geweldige internasionale invloed en het 'n sikliese neiging, maar het die afgelope 37 jaar gestyg met 454%. Dit is 'n gemiddeld van byna 12% per jaar. Korttermyn mag die groei dan soms nie so positief lyk nie, maar oor die langtermyn bly rosyne nog steeds 'n goeie belegging.

Ons strewe by Raisins SA is om ons nuwe strategie geïmplementeer te kry d.m.v. die regte inligtingstelsels, betyds aan ons verpakkers die nodige produksieskattings, weeklikse innames per produk tipe en gemiddelde graderings, deur te gee, sodat hulle weer in staat gestel word om te weet hoe om met die aankopers, oorsee en plaaslik, te onderhandel. 'n Belangrike deel van ons nuwe strategie is om die beeld van ons produk te verbeter deur ons promosieprogram, plaaslik maar ook internasionaal.

Die virus-pandemie het ons almal vanjaar tot nuwe insigte en perspektiewe gedwing. Die belangrikheid van die rol van Landbou is weer opnuut onder baie rolspelers se aandag gebring.



JOHANNES FOURIE
VOORSITTER - RAISINS SOUTH AFRICA



Ons as landbouers het 'n waardevolle bydrae wat ons in die toekoms sal moet lewer, waar daar stelsels rondom ons in duie stort. Die logistiek om ons produk deur die hawens op die regte plekke te kry was 'n groot uitdaging. Die meeste verpakkers kon beter pryse uitbetaal aan produsente as wat daar aanvanklik aangebied is. Ons is baie dankbaar dat daar by ons produsente, personeel, verpakkers en werkers, baie min lewensverlies was.

Ons betuig hiermee ons meegevoel aan die familie van een van ons leiers, Gert Basson van Vanrhynsdorp, wat a.g.v. die virus sy lewe verloor het. Ons bring ook hulde aan Prof. Karaan wat 'n groot vriend van ons landbouers was en nog verlede jaar sy afskeidstoespraak gelewer het by Carpe Diem se funksie vir sy produsente.

Ons spreek ons dank uit teenoor Raisins SA se personeel wat in vreemde tye steeds innoverend te werk gegaan het om te verseker dat sleutelaksies steeds uitgevoer kon word. Daar is 'n paar sleutelaktiwiteite aangespreek in 'n relatiewe kort periode. Dit sluit onder andere ons promosie aksies in wat 'n eerste van sy soort vir ons bedryf is. Dit fokus op die Verenigde Koninkryk, Duitsland en Suid-Afrika om gradering te standaardiseer en 'n inisiatief te loods om 'beste praktyk' riglyne te ontwikkel en te publiseer, op verskeie onderwerpe soos kultivars, onderstekke, grond voorbereiding ens. Terselfdertyd is die nuwe statutêre heffing in plek gestel, wat gevolglik uitvoering moet gee aan ons 2021-2025 strategie.

Dankie aan elke produsent wat help om in hierdie moeilike tye positief te bly en hulle boerderye uit en op te bou. Baie dankie, veral aan julle wat help om op sinvolle wyse werk te skep op die Platteland, waar werkloosheid nou so hoog is, en ons ook baie keer geen erkenning daarvoor kry nie.

Aan my mede-direkteure, dankie vir die tyd en opofferings wat julle maak ten bate van die bedryf.

Ons moedig elkeen aan om maar net elke keer weer op te staan en nog 'n rondte deur te sien saam met ons Groot Voorsiener wat ons vir 100 jaar deur moeilike tye deurgedra het.

“

EBENHAESER
(Tot hiertoe het die Here ons gedra)

”



Raisins SA – Samestelling van die direksie



JOHANNES FOURIE
VOORSITTER RAISINS SOUTH AFRICA



WIAAN JANSE VAN RENSBURG
VICE-VOORSITTER




FERDIE BOTHA
HOOFUITVOERENDE BESTUURDER



VAN ZYL VORSTER
DIREKTEUR



PETER KUILMAN
DIREKTEUR



ANTHONY MAC MINN
DIREKTEUR



DAVID VAN DER MERWE
DIREKTEUR



GOG VAN DER COLFF
DIREKTEUR



SIMONE SELL
MAATSKAPPY-SEKRETAAR



MATHILDA VAN DER WALT
NAMC OBSERVEERDER



EARL LOXTON
DIREKTEUR

Verlag: Hoofuitvoerende Beampte

Ons bedryf se geskiedenis oor die afgelope 100 jaar is vervat in 'n boek geskryf en vrygestel deur Joa Bekker in Desember 2020.

Die titel van die boek “Oorwinning deur volharding” is treffend en som die bedryf se geskiedenis goed op in net hierdie drie woorde. Mag hierdie stukkie geskiedenis by ons bly en ons herinner hoe generasies voor ons, ook voor groot uitdagings te staan gekom het en dit oorkom het. In 2021 staan die bedryf voor sy eie moderne uitdagings.

Die 2020 jaar sal in die geskiedenis aangeteken word as sekerlik die mees ontwrigte periode in die moderne era. 'n “Black Swan” verskynsel, word omskryf as 'n gebeurtenis wat totaal onverwags, en totaal onvoorspelbaar is (BFAP, 2020). Die sogenaamde “Black Swan” verskynsel, met die naam COVID-19 in hierdie geval, het die wêreld se normale gang in sy totaliteit ontwig en tot stilstand geruk.

Groot onsekerheid het daartoe gelei dat markte bykans ineengestort het, olie pryse het op sy laagste vlakke sedert 1960 verhandel teen vlakke van onder \$15 per vat. Handel van produkte en dienste in die algemeen was belemmer in die proses, met slegs essensiële produkte wat verskeep kon word. Tydens die skryf van hierdie verslag het meer as 4 miljoen mense hulle lewens verloor in die pandemie, met 187 miljoen mense wat die virus onder lede het.

Die implikasie hiervan is dat van die wêreld se grootste en bekendste besighede tot op hul knieë gedwing is. In tye soos hierdie is dit *natuurlik* dat paniek heers en irrasionele besluite geneem word.



In die geval van landbouprodukte, spesifiek rosyne, het ons relatief goed presteer onder geweldige moeilike omstandighede.

Met die aankondiging van die eerste “Lockdown”, was ons aan die einde van ons oesproses. In samewerking met ander bedrywe en Agri-SA, was rosyne ingesluit onder “essential services” en was ons toegelaat om onder hierdie gewysigde riglyne effektief te funksioneer om ons oes af te handel, produk te verwerk en aan die mark te kan lewer. Gesondheidsprotokol was opgeskerp regdeur die bedryf om produsente, algemene werkers, bestuurders en fabriekspersoneel en belangrik, ons verbruikers, se gesondheid, ten alle tye te beskerm.

Die bedryf kon deurentyd voortgaan en ons kon nagenoeg 72 000 ton uitvoer vir die 2020 periode. Dit teenoor 40 000 ton vir 2019. Dis 'n verhoging van 80% jaar op jaar vir die 2020 bemarkingsjaar. Pryse het egter onder druk verkeer, alhoewel 'n verswakte Rand (wat op stadiums bo vlakke van R19 teenoor die Amerikaanse dollar verhandel het) wel verligting gebring het in die verband.

Die vraag na rosyne word hoofsaaklik deur drie (3) marksegmente gedryf, naamlik:

1. voedseldienste,
2. kleinhandel en
3. industriële aanwending.

Die eersgenoemde was wesenlik belemmer, weens hotelle, restaurante en ander voedselverwante dienste operateurs wat nie operasioneel kon wees nie, weens Covid-19. Verbruikspatrone het verander, met verbruikers wat groter klem gelê het op gesondheidsvoordele van produkte, wat in die guns van rosyne getel het. Verder het die 'lockdown' regulasies huishoudings die geleentheid gebied om vanuit hulle eie huise maaltye voor te berei. Rosyne het, as 'n nie-bederfbare- en gesonde produk, groter voorkeur geniet en ons is oortuig dat ons hierdie narratief sterk in die toekoms moet dryf deur die regte promosie aksies.



Raisins SA speel reeds 'n leidende rol om samewerking onder produksiegebiede te bevorder en soortgelyk as die Avokado- en Sitrus-bedrywe verantwoordelikheid te neem om groter vraag na ons produk te bewerkstellig. Die sukses van ons aksies op hierdie gebied gaan 'n sleutelfaktor wees om markte te laat groei en ontwikkel om sodoende die wêreldvraag na rosyne te stimuleer.

Die bogenoemde inperkingsregulasies het die werksaamhede van Raisins SA ook negatief beïnvloed en ons was genoodsaak om innoverend te werk te gaan met die uitvoer van ons pligte. Namens die bestuur en personeel maak ek graag Raisins SA se jaarverslag vir die tydperk 1 Januarie 2020 tot 31 Desember 2020 (FJ2020) aan die bedryf bekend. Die jaarverslag verteenwoordig die uitslae van die bedryfsaktiwiteite van Raisins SA ingevolge die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, Nr. 47 van 1996.

Die verslag verteenwoordig die tweede volle jaarsiklus sedert die vestiging en implementering van 'n 'hernude' bedryfstruktuur, met die hoofdoel om die SA rosyntjiebedryf se belange te bevorder.

Die **doel** van hierdie jaarverslag is om terugvoer te gee oor die prestasies en suksesse wat die afgelope jaar bereik is, asook die lesse wat geleer is in die proses. Ek vestig graag ons direksie se aandag op die volgende vyf hoëvlak-areas van prestasie van Raisins SA (Edms.) Bpk. [NWM] oor die afgelope finansiële jaar (FJ2020).



Die verantwoordelikheid hiervan om bewustheid van ons rosyne in die algemeen en spesifiek SA rosyne te bevorder, is 'n groot verantwoordelikheid wat op die skouers van alle produserende lande en organisasies soortgelyk aan Raisins SA, rus.



Strategie 2020-2025

Die wêreldekonomie, landbou en ons bedryf het tans te make met baie onsekerheid. Wat die rosyntjiededryf betref, het ons oor die afgelope twee seisoene, relatief gesproke, twee moeilike seisoene beleef. Dit onderstreep weereens die relevansie van die strategiese doelwitte wat vir die komende vyf (5) jaar gestel is.

Desnieteenstaande is dit van uiterste belang dat ons as bedryf ons nie vas staar teen hierdie korttermyn tendense nie maar eerder positief bly en 'n langtermyn standpunt inneem. Gevolglik is verdere 'belegging' in ons bedryf krities om ons mededingendheid te ontwikkel en te verbeter, waar verskeie gebreke produktiwiteit negatief beïnvloed. Die strategiese 5 jaar plan is gedurende 2020 tydens persoonlike besoeke en virtuele vergaderings gekommunikeer. Ondersteuning is deur produsente en verpakkings gegee sowel as ander organisasies ondersteunend tot die bedryf. Dienooreenkomstig is die voorgestelde heffingsiklus vir 2021 – 2024 ondersteun, suksesvol ingedien en onderteken deur Minister Thoko Didiza. Dit het finaal verskyn in die Staatskoerant van 11 Desember 2020.

Strukture, bestuur en finansies om ons organisasie te laat groei

Oor die afgelope jaar was daar klem gelê op die inwerkingstelling van drie komitees, naamlik i) 'n tegniese -; ii) 'n mark - en iii) 'n transformasie komitee. Die hoofdoel vir hierdie komitees is om in meer detail bedryfsrisiko 's aan te spreek en aksies (projekte) voor te stel en te motiveer vir goedkeuring na die DWPO en finaal dan deur die direksie. Terselfdertyd neem portefeulje bestuurders verantwoordelikheid om pro-aktief aksies te loods om addisionele fondse te bekom ter ondersteuning van Raisins SA se mandaat. Hierdie aksies is daargestel om te verseker dat projekte wat geïnisieer word, ondersteun word vanaf grondvlak en dat deursigtigheid bevorder word.

Menslike hulpbronne

Raisins SA het 'n jong span ontwikkel oor die afgelope 2 jaar en bestaan uit 6 permanente poste. Die voorgestelde- en aanvaarde organogram is dienoreenkomstig in werking gestel en bestaan uit 5 portefeuljes, naamlik: Navorsing en Ontwikkeling (Stefan Jordaan), Transformasie (Simone Sell), Inligting en Kommunikasie (Bekkie van Aarde), Marktoegang en Ontwikkeling (Ferdie Botha) en administrasie (Ferdie Botha / Melinda Human).

Goeie samewerking bestaan tussen Raisins SA en Departement Landbou (op Provinsiale - sowel as Nasionale vlak) en het bygedra dat goed gekwalifiseerde gegradueerdes kon aansluit ter ondersteuning en uitbreiding van ons kapasiteit. Tans bestuur Raisins SA 72 gegradueerde studente, waarvan vier onder sy direkte beheer is.



Kern besigheidsaktiwiteite

Vanuit 'n **tegniese oogpunt** is sleutelkwessies geïdentifiseer en word dit voortdurend aangespreek. Dit sluit die volgende in: 'n fokus op die gehalte van plantmateriaal, plantverbetering, die evaluasie van nuwe kultivars en onderstokke, verbeterde produksiepraktyke, oesskattings en produksieverlae, vrugtevlieë en watergehalte. Nuwe projekte is in 2020 geloods om spesifiek droogmetodes weer te ondersoek en aanbevelings te maak tot die bedryf.

Daarbenewens is daar voortgesette skakeling met verskeie navorsingsvennote en -inrigtings terwyl ons ook die operasionele struktuur wat insette en leiding aan ons navorsing- en ontwikkelingsaktiwiteite moet gee, om te verseker dat dit belyn is met die bedryf se praktyke en risiko's, deurlopend verbeter. Ons besef dat sekere verbeterings noodsaaklik is om veral navorsing- en ontwikkelingsaktiwiteite te verbeter.

Wat **marktoegang en ontwikkeling** betref, is werk daarvan gemaak om 'n gefokusde aanslag tot die bemarking van Suid-Afrikaanse rosyntjies van stapel te stuur. Die internasionale bemarkingsveldtog vir Suid-Afrikaanse rosyntjies is as die eerste-van-sy-soort, geloods. Ons doel is om die vraag na rosyntjies oor die algemeen, maar veral dan Suid-Afrikaanse rosyntjies, te bemark en verhoog. In vergelyking met ander uitvoer-gefokusde bedrywe in Suid-Afrika (tafeldruiwe, wyn, sitrus, sagtevrugte, vleis, ens.) is ons bedryf minstens 10 jaar agter hulle. Daar word dus bykomende hulpbronne en werk benodig om hierdie portefeulje te bevorder, wat beskou word as 'n groot prioriteit gegewe ons sterk-groeiende volumes. Die norm in besigheidskonteks is om minstens 3-5% van ons omset in die bemarking van 'n produk te belê.

Ons **transformasie portefeulje** het reuse treë gegee in die uitvoer van ondernemingsontwikkeling, ontwikkeling van vaardighede en sosio-ekonomiese aktiwiteite. 'n Aantal projekte is van stapel gestuur saam met vennote soos die NK Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling, die Industrial Development Corporation, AgriSETA, Nietvoorbij, South African Table Grapes, Blucuso, Silver Moon en die Eksteenskuil Agricultural Co-Operative. Die impak op ons gemeenskappe is merkbaar. Die bedryf se transformasieplan is voorgelê aan die National Agricultural Marketing Council (NAMC) se transformasie- en oorsig komitee, en is dienooreenkomstig goedgekeur.



Kliënte en belanghebbendes

Ons produsente is van kardinale belang tot die sukses van die bedryf deur middel van die voortgesette lewering van die wêreld se beste roumateriaal (rosyntjies). Daarbenewens speel ons produsente lede 'n beslissende rol in ons plaaslike gemeenskappe in terme van werkskepping en welvaartskepping, ook vir die komende generasies. Ongelukkig word hierdie bydraes nie altyd erken of waardeer nie. Dit is gevolglik ook ons verantwoordelikheid om 'ons storie' met die verskillende vennote en belanghebbendes te deel.

Vennootskappe is 'n sleutel tot die sukses van Raisins SA. Oor die afgelope jaar groei ons steeds met bykomende vennote wat betrokke raak en beide finansiële- en of nie finansiële bystand bied, in ons werksaamhede. Dus, 'n spesiale boodskap van dank aan almal vir julle ondersteuning, toewyding en raadgewing tot ons organisasie en bedryf. Almal het 'n deel bygedra tot die sukses van die prestasies in die afgelope finansiële jaar, 2020.

Aan elke portefeulje bestuurder, groot dankie vir jul passie om 'n bydrae te lewer. 'n Groot dankie vir elke student wat betrokke is, dankie vir jul ondersteuning.



Namens die personeel van Raisins SA bedank die bestuur hiermee die direksie en uitvoerende bestuur vir die uitvoer van hul fidusiêre pligte met sorg en visie.

Aan ons voorsitter, dankie vir jou toewyding en ondersteuning tot die uitvoer van ons aksies en betrokkenheid.

Ons vertrou dat daar saamgewerk sal word en ons moderne uitdagings doelgerig aangespreek sal word.



FERDIE BOTHA
HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE

Impak op Bruto Binnelandse Produk (BBP)


Direkte Impak: **R1 787 miljoen**
 +
 Indirekte Impak: **R622 miljoen**
 +
 Geïnduseerde Impak: **R1 705 miljoen**

Totale Impak: R4 114 miljoen

Groei in produksie volume verwag in die volgende 5 jaar

- ← PROGNOSSES →
- Groter opbrengs kultivars om laer opbrengs te vervang
 - Regering belegging in wingerd ontwikkeling
 - Wyn produsente mag verander na rosyn produksie
 - Verhoging in water toevoer – Clanwilliam Dam

100 000 tonne p/a



Wêreldproduksie
 ongeveer **1.3** Miljoen Ton



Suid-Afrikaanse produksie **85 000** Ton

Suid-Afrikaanse se bydrae **6%** van beslaan wêreldproduksie


Suid-Afrikaanse markaandeel

Uitvoere **10%** | Goues +- **25%** | Thompson +- **15.4%**

15.7% van die totale SA druive produksie in 2018/2019

5th grootste produseerder wêreldwyd

Stadige groei sedert deregulering in 1996



1. RAISINS SA OORSIG



Diegene wat die fout maak om toekomstige veranderinge in tegnologie, markte en denkwyses wat hul besighede en beroepe asook hul persoonlike planne sal beïnvloed, te verontagsaam, doen so op eie risiko. Aan die ander kant, diegene wat 'n doelbewuste poging aanwend om die komende veranderinge te verstaan, voorsien en benut, sal nuwe geleenthede vir voordeel vind.

~ Leon Martell ~



1.1 Inleiding

Die Suid-Afrikaanse droëvrugtebedryf is 'n bedryf met 'n trotse geskiedenis, met sy oorsprong in die laat-1600's. Oor die afgelope eeu het die bedryf met lang hale gegroei en word dit vandag beskou as 'n wêreldklas en premium-gehalte mark, veral in die geval van rosyntjies. Desnieteenstaande is daar oor die afgelope vyf jaar verskeie strategiese gesprekke gevoer om die rosyntjiebedryf se toekoms te bevorder.

Die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, Nr. 47 van 1996, soos gewysig, maak voorsiening vir die vestiging van statutêre maatreëls naamlik statutêre heffings, die beheer van die uitvoer van landbouprodukte, rekords en opgawes, en registrasie. Statutêre maatreëls vir die droëvrugtebedryf word sedert 2002 ingestel.

Sodra 'n maatreël deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserie (voortaan verwys na as “die Minister”) bekragtig is, word dit afdwingbaar sodra dit goedgekeur en gepromulgeer is. 'n Statutêre heffing kan beskou word as 'n *'toegewyde belasting'* per eenheid van 'n landbou handelsprodukt in enige stadium van die bemarkingsketting tussen die produseerder en die verbruiker wat vir 'n spesifieke doel geneem word, soos byvoorbeeld **navorsing en ontwikkeling**, die **deel van inligting en kennis** ter verbetering van deursigtigheid in die bedryf, **transformasie**, die instandhouding van **marktoegang** en selfs die verkryging van toegang tot nuwe markte.

Registrasie is 'n statutêre maatreël wat in meeste landbousektore geïmplementeer word ten doel om 'n databasis van rolspelers in die betrokke bedryf te skep, bv. produsente, prosesseeërs, ens. Rekords en opgawes word implementeer vir die versameling en verspreiding van generiese markinligting, om rolspelers in die waardeketting in staat te stel om ingeligte strategiese besluite te neem.

Na die deregulering van die mark in die laat 1990's het die droëvrugtebedryf se lede besef daar is 'n behoefte om die bedryf te struktureer en te organiseer na afloop van markbevryding en die einde van bemarkingsrade.

Droëvrugte Tegniese Dienste (DTD) is in 1997 deur droëvrugteprodusente gevestig om hierdie potensiële institusionele mislukking aan te spreek. Produsente was besorg dat sekere funksies wat voorheen deur die Droëvrugteraad uitgevoer is, en nie meer gedoen gaan word nie, 'n negatiewe impak op die bedryf sou hê, met gepaardgaande hoë vlakke van onsekerheid. Die vraag was: “Wie gaan die droëvrugteprodusent verteenwoordig en optree ter bevordering en tot voordeel van die bedryf se spesifieke agenda?” Dit het gelei tot die totstandkoming van die produsente-organisasie, DTD, om die leemte te vul wat gelaat is deur die institusionele veranderinge. In die vroeë 2000's het DTD sy statutêre aansoek aan die Minister voorberei via die NAMC. Sedert 2002 is 'n statutêre heffing ingestel om bedryfsverwante aktiwiteite te befonds.

1.2 Oorgang: Vanaf DTD na Raisins SA

Weens die weselike implikasie van die herstrukturering wat in die Suid-Afrikaanse droëvrugtebedryf plaasgevind het, sluit ons hierdie afdeling weer in as deel van die 2020 jaarverslag. Oor die afgelope vyf jaar is verskeie formele en informele gesprekke gevoer wat ten doel gehad het om die droëvrugtebedryf in Suid-Afrika (m.a.w. DTD) te herstruktureer om sodoende sy lede beter te dien.

Gedurende 2018 is 'n finale strategiese besluit geneem om weg te beweeg van Hortgro Services en 'n nuwe weg in te slaan om die bedryf se eie identiteit en institusionele kapasiteit te vestig en te ontwikkel, met 'n fokus op waardeskepping vir die deelnemers en belanghebbendes in die bedryf se waardeketting.

Raisins SA het gespruit uit die behoefte aan die herstrukturering van die bedryf; die organisasie is die slotsom van die evolusie van die dienste gelewer deur die DTD na 'n meer gespesialiseerde en verfynde instrument, gefokus op die spesifieke en unieke behoeftes van Suid-Afrika se rosyntjiebedryf.

Raisins SA is 'n nie-winsgewende maatskappy, 'n navorsing- en-ontwikkeling - asook markontwikkelingsorganisasie in produsentebesit wat Suid-Afrika se R4-miljard rosyntjiebedryf dien. Die herstrukturering is teen einde 2018 voltooi en op 1 Januarie 2019 is Raisins SA se nuwe Akte van Oprigting amptelik deur die Suid-Afrikaanse Registrateur van Maatskappye aanvaar. Raisins SA is 'n staatserkende organisasie, net soos Potatoes South Africa (PSA), Vinpro, South-African Table Grapes (SATI), Citrus Growers Association (CGA) ensomeer.

1.3 Vordering tot op hede: Raisins SA

Die volgende is tot op hede bereik:

- Die skep van nuwe bestuurskapasiteit (April 2018).
- Voltooi die herstrukturering van die droëvrugtebedryf in Suid-Afrika (Desember 2018).
- Amptelike hervestiging van die bedryf se hoofkantoor na Upington (Januarie 2019).
- Aanstelling van 'n direksie, soos gelei deur die nuwe Memorandum van Verstandhouding (MvV) (Januarie 2019).
- Goedkeuring van begroting vir die 2019 finansiële jaar (Januarie 2019).
- Aanstelling van sleutelposte in Raisins SA se organogram (Augustus 2019);
- Bekendmaking van die eerste jaarverslag om produsente van die finansiële jaar se prestasie te verwittig;
- Voltooi van Raisins SA se heffing siklus (2016 – 2020) (31 Desember 2020);
- Verslagdoening aan NAMC vir die bogenoemde periode vir die afsluit van die heffing siklus (2016 – 2020), ook deels die doelwit van hierdie jaarverslag;
- Ontwikkeling van 'n strategiese plan vir die Suid-Afrikaanse rosynebedryf (2021-2024);
- Indien van Raisins SA se nuwe heffing siklus (2021 – 2024);
- Uitvoer van Raisins SA mandaat, wat in verdere besonderhede in hierdie jaarverslag bespreek word.



1.4 Raisins SA

Oor die afgelope jaar het Raisins SA ons strategiese doelstelling in terme van bestuurstrukture en die uiteindelige waardestelling aan ons produsente lede opgestel.

1.4.1 Visie

'n Volhoubare en mededingende Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf.

1.4.2 Missie

Ons missie is om waarde te skep vir ons lede en insethouders, wat as volg bewerkstellig sal word:

- **Verbeter die bedryf se produktiwiteit en winsgewendheid** - dit sal uitgevoer word deur produksiepraktyke te verbeter, nuwe kultivars (bo- en onderstokke) te evalueer en te kommersialiseer, innoverend te wees in ons benadering en relevante navorsing- en ontwikkelingsaktiwiteite te onderneem om die bedryf te bevorder.
- **Posisioneer en bemark Suid-Afrikaanse rosyntjies** as 'n premium-gehalte handelsmerk. Die 2020 periode dien as die basisjaar van waar 'n toegewyde promosie aksie geloods is om die bedryf en sodoende die 'storie' van SA rosyne oor te dra aan die Mark.
- **Die skep van inligting, intelligensie en kennis**, en die verspreiding hiervan onder die lede van ons waardeketting om risiko's te beperk, doeltreffendheid te verskerp, sterk en veerkragtige ekonomiese werksaamhede te bou, vertroue te versterk en 'n positiewe impak op ons omliggende gemeenskappe te hê.
- Proaktief deel te neem, in samewerking met die regering, om opkomende produsente te ondersteun en vaardighede te ontwikkel in die bedryf ter bevordering van **transformasie**.
- Om die bedryf te verskaf van 'n **verenigde 'stem'** wat namens die lede van die bedryf kan skakel en sodoende vennootskappe en verhoudings met belanghebbendes kan bevorder.

1.4.3 Strategiese fokus

Ons strategie is gebaseer op die langtermyn volhoubaarheid van die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf, met die fokus op waardeskepping vir al ons belanghebbendes. Al ons aksies word onderskryf deur die vier beginsels van volhoubaarheid hier onder opgesom:

- Goeie bestuur
- Ekonomiese veerkragtigheid
- Omgewingsintegriteit
- Sosiale welstand

1.4.4 Bedryfswaardes en -beginsels

- **Integriteit** - Eerlikheid, Eerbaarheid, Verantwoordbaarheid
- **Waarde-gedrewe** - Kliënt-gefokus, Innoverend, Aanpasbaar
- **Onafhanklikheid** - Objektief, Deursigtig
- **Professioneel** - Respek
- **Vennootskappe** - Spanwerk, Sinergie
- **Bemagtiging** - Leer, Ontwikkel, Vooruitgang

1.4.5 Sleutelprestasie-areas (Bedryf se doelwitte)

Raisins SA se strategiese doelwitte is as volg:

- **Goeie korporatiewe bestuur** van bedryfstrukture – doeltreffende administrasie van die statutêre heffing tot voordeel van die oorhoofse bedryf.
- **Versterk en groei marktoegang** vir ons produk.
- **Bestuur produk gehaltestandaarde** en voedselveiligheidsekerheid.
- Befonds en bestuur toepaslike **navorsing- en ontwikkelingsinisiatiewe**.
- **Bestuur van inligting, kommunikasie en kennis**.
- Proaktief bestuur van **transformasie en kapasiteitsontwikkeling** in die bedryf.

1.5 Personeel

'n Jong span is oor die afgelope 24 – 36 maande saamgestel om die bedryf te verteenwoordig en te bevorder op verskeie vlakke. Raisins SA het ses permanente poste en een kontrak pos. Departement Landbou ondersteun Raisins SA se doelwitte verder deur vyf poste te finansier, vir ontwikkeling van vaardighede in die bedryf.



FIGUUR 1: RAISINS SA-PERSONEEL 2020

Voor, VLNR:

Aurelia Isaacs (Junior navorser), Bekkie van Aarde (Inligting en Kommunikasie bestuurder), Melinda Human (Kantoor administreerder),

Agter, VLNR:

Lucian Fredericks (Junior Navorser), Ebene Oranje-Swart (Junior Navorser), Bradwin Lester (Junior Navorser), Stefan Jordaan (Senior Landbou Spesialis), Ferdie Botha (Hoofuitvoerende bestuurder), Simone Sell (Transformasie bestuurder), Sedrick Visser (Voorligtingsbeampte), Percy Jooste (Graderings spesialis) en Michael Redelinghuys (Junior Navorser).



1.6 Raisins SA se advieskomitee

Die Droë-wingerdvrugte Produsente Organisasie (Raisins SA se advieskomitee), meer algemeen bekend as die DWPO, dien as advieskomitee tot die direksie om te verseker dat produsente se stem gehoor word en dienooreenkomstig prioriteite van Raisins SA se werksaamhede inlig. Verteenwoordigers van die DWPO is tans:

Persoon	Area	Wyk	Termyn Verstryk
Johannes Fourie	Groblershoop	1	2021
Marius Kruger	Wegdraai	1	2020
Pearé Liebenberg	Grootdrink	1	2022
David van der Merwe	Louisvale/Upington	2	2021
Kobus Luttig	Kalkslyt	2	2021
Zietsman van der Walt	UAP	2	2022
Andrè Oberholzer	Kanoneiland	2	2020
Petri Hanekom	Keimoes	2	2022
Schalk Engelbrecht	Louisvale	2	2022
Llywellyn Adams	Eksteenskuil	2	2022
Wiaan Janse van Rensburg	Friersdale/Kakamas	3	2020
Henko van Niekerk	Marchand	3	2022
Jaco Malan	Augrabies	3	2022
Jaco van den Heever	Lutzville	4	2021
Lammi Geldenhuys	Lutzville	4	2020
Pierre van den Heever	Vredendal	4	2020
Alro van der Spuy	Vredendal	4	2021
NJ Wiese	Vanrhynsdorp	4	2021
Gert Basson	Vanrhynsdorp	4	2021
Van Zyl Vorster	Tremoa	4	2020
Jandré van Zyl	Tremoa	4	2021



1.7 Verteenwoordiging

Raisins SA word ook op verskeie ander bedryfsstrukture verteenwoordig om die belange van die bedryf te bevorder:

Tabel 1: Bedryfsverteenwoordiging

Instansie	Persoon	Sekundi	Posisie
DTD Trust	Johannes Fourie	NVT	Trustee
SAPO	Ferdie Botha	David van der Merwe	Trustee
Fruit Fly Africa	Ferdie Botha	Stefan Jordaan	Direkteur
Culdevco	Ferdie Botha	Willem Bestbier	Direkteur
Tissue Culture Lab	Niël Kirsten	NVT	Direkteur
Plant SA	Stefan Jordaan	Ferdie Botha	Verteenwoordiger
Suid-Afrikaanse Wyn en Wingerd Vereniging	Stefan Jordaan	Ferdie Botha	Verteenwoordiger
Agri SA	Ferdie Botha	Wiaan Janse van Rensburg	Verteenwoordiger
Agri NK	Ferdie Botha	Wiaan Janse van Rensburg	Verteenwoordiger
Agri WK	Ferdie Botha	Van Zyl Vorster	Verteenwoordiger
Hortforum	Ferdie Botha	Stefan Jordaan	Verteenwoordiger
Internasionale Sultana Konferensie	Johannes Fourie	Ferdie Botha	Komitee
International Nut and Dried Fruit Council	Ferdie Botha	Bekkie van Aarde	Lid
Frucom	Ferdie Botha	Stefan Jordaan	Lid

1.8 Slotsom

Die grondslag van Raisins SA is gelê om ons bedryf se belange te bevorder. Bestaande kapasiteit en strukture is in plek gestel om die maksimum waarde aan ons lede te verseker.

2. INLIGTING VAN MAATSKAPPY

2.1 Inleiding

Maatskappy registrasienommer:	1997/019805/08
Geregistreerde kantoor:	9 Groenpunt Keidebees UPINGTON 8801 Posbus 2536 UPINGTON 8800
Ouditeure:	Venter en Vennote Posbus 204 UPINGTON 8800
Bank:	Eerste Nasionale Bank Hoek van Schröder en Hill straat UPINGTON 8801
Maatskappy-sekretaresse:	Simone Sell
Webwerf	www.raisinsa.co.za

3. ADMINISTRASIE VAN DIE STATUTÊRE HEFFING EN FINANSIES

3.1 Inleiding

Raisins SA is 'n nie-winsgewende maatskappy en bevestig sy verbintenis tot die beginsels van deursigtigheid, integriteit en toerekenbaarheid soos bepaal en aanbeveel deur King IV, betreffende die beginsels van goeie korporatiewe bestuur.

3.2 Struktuur en Bestuur

Die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf is tydens 2018, na aanleiding van raadpleging met sy primêre lede, geherstruktureer. Die 'grondwet' is hersien en die mandaat van Raisins SA sal voortaan daarop fokus om die belange van Suid-Afrika se rosyntjiebedryf te bevorder. Die herstrukturering het gepaard gegaan met 'n naamsverandering, met die organisasie nou bekend as *Raisins South Africa*.

Raisins SA is 'n nie-winsgewende maatskappy wat bestuur word deur 'n raad van direkteure wat deur die organisasie se primêre lede (produsente van rosyne) en gekoöpteerde individue genomineer word. Die direksie word volgens vier streke genomineer om hul onderskeie wyke te verteenwoordig. Die dienstermyn duur vier jaar, waarna hulle óf herverkies word, óf 'n nuwe direkteur aangestel word. Die vier streke is as volg: Boegoebergdam (en stroomopwaarts) tot by Upington (oostelike areas, Streek 1), Upington tot by Keimoes (middel, Streek 2), Keimoes en stroomafwaarts (westelike area, Streek 3) en die Olifantsriviervallei (Streek 4).

Die direksie bestaan tans uit vier produsent-verteenwoordigers (direkteure) en vier gekoöpteerde lede om insig rakende die huidige marktoestande te verskaf (twee verpakkings), asook 'n eksterne raadslid om die bedryf se opkomende produsente te ondersteun terwyl een onafhanklike direkteur met 'n regsagtergrond deel vorm van die direksie.

Raisins SA se direksie het tot dusver uit die volgende individue bestaan:

- Johannes Fourie (Voorsitter) (Streek 1, Januarie 2019)
- David van der Merwe (Streek 2, Januarie 2019)
- Wiaan Janse van Rensburg (Streek 3, Januarie 2017)
- Van Zyl Vorster (Streek 4, Januarie 2019)
- Anthony Mac Minn (Vaal University of Technology, Desember 2019)
- Gog van der Colff (Carpe Diem Raisins, Desember 2019)
- Peter Kuilman (Red Sun Raisins, Desember 2019)
- Ferdie Botha (Raisins SA, Hoofuitvoerende Beampte)
- Mathilda van der Walt (NAMC, Januarie 2019)
- Earl Loxton (Koöpteer namens opkomende produsente, Junie 2020)
- Simone Sell is aangestel as maatskappy-sekretaresse (Desember, 2019)

Die teenwoordigheid van primêre lede, verpakkers en 'n eksterne raadslid verseker dat die bedryf ingelig bly oor produksie, bemarking, bedryfstransformasie asook ander verwante sake. Daarbenewens word Raisins SA se raadsvergaderings en algemene jaarvergaderings bygewoon deur 'n verteenwoordiger van die NAMC. Die NAMC is die liggaam wat die statutêre sitrusheffing elke vier jaar hersien, goedkeur en waaraan Raisins SA jaarliks verslag doen.

Raadsvergaderings en Algemene Jaarvergadering het plaasgevind op:

- 8 Mei 2020
- 2 Julie 2020
- 23 Julie 2020
- 11 Desember 2020

Bestuur het gehoor gegee aan die voorgestelde Covid-19 protokol en het voorsiening gemaak dat vergaderings virtueel bygewoon kon word, spesifiek die AJV waar regulasies groot byeenkomste verbied het.

3.3 Finansies

Heffings siklus: 2016 - 2020

Raisins SA samel 'n statutêre heffing in vanaf alle rosyntjieprodusente. Die doel van die maatreëls waarvoor aansoek gedoen is in terme van seksie (10) van die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, Nr. 47 van 1996, soos gewysig, is om die belange van die bedryf in geheel te bevorder.


Die statutêre heffing word vir 'n siklus van vier jaar geïmplementeer, waarna 'n volledige aansoek opnuut aan die NAMC gerig moet word. Die huidige heffingstermyn verval in Oktober 2020 en het in Oktober 2016 in die staatskoerant verskyn. Die statutêre heffing ter sprake vir hierdie verslag, is 12 sent per kilogram op die bruto massa (2020).

Verslagdoening van die finale siklus volg.



Raisins SA se heffing


Die totale statutêre heffing ingesamel vir die 2020 tydperk was R10 328 572 (69%). Addisionele inkomste genereer vir dieselfde periode was R4 546 353 (31%), met 'n totale inkomste van R14 874 925 vir die jaar geëindig 31 Desember 2020. Sien Figuur 2. 'n Tekort van R1 593 359 is aangevul deur reserwes op hande. Die motivering daarvoor was dat die uitvoering van veral bemerkingsprojekte, belangrik is, gegewe die groeiende volumes.



FIGUUR 2: TOTALE INKOMSTE-SAMESTELLING VAN RAISINS SA

Spandering per portefeulje

Die FJ2020 het verhoogde spandering gesien van 35%, met totale uitgawes van R16 286 982 vir die afgelope tydperk. Die hoof rede vir die verhoogde spandering was hoofsaaklik vir die uitvoer van addisionele projekte veral gefokus op markontwikkeling, R&D en transformasie. Die koste samestelling is as volg: Administrasie (8%), Inligtingstatistieke en kommunikasie (10%); Navorsing en tegnologiese ontwikkeling (R&D) (23%); Transformasie en opleiding (27%) en Marktoegang en -ontwikkeling (32%) (sien figuur 3).



FIGUUR 3: TOTALE SPANDERING VAN RAISINS SA


Bedryfsverwante bronne van inkomste, mede-befondsing en borgskappe

Raisins SA het namens sy lede in 'n aantal strategiese bedryfsaktiwiteite belê. Hierdie beleggings sluit in:

- Upstars (Edms) Bpk 10% aandele
- SAPO Trust 10% belang
- Culdevco (Edms) Bpk 10% aandele
- Fruit Fly Africa (Edms) Bpk 12% aandele
- Tissue Culture Facility (Edms) Bpk 10% aandele
- DTD Trust 84% belang

Raisins SA is in noue samewerking met vennote wat 'n sleutel is tot die bedryf om ons finansiële vermoëns te verbeter en verder te laat groei. Die figuur regs verskaf 'n hoëvlakoorisig van befondsing wat verkry is vanaf derde partye om sodoende die bedryf se aktiwiteite te verbeter.

Die totale vrywillige inkomste gegeneer is R4 546 353 (ingesluit rente-verdienste), wat 39% van die totale verdienste verteenwoordig. Figuur 4 verskaf 'n hoëvlakoorisig van inkomste gegeneer vanuit bogenoemde beleggings, asook ander bronne soos borgskappe, mede-finansiering van transformasie aksies, renteverdienste, huurinkomste, ens. Die grootste bydraes is afkomstig van Transformasie (31%), SAPO Trust (23%), DTD Trust (10%) en die International Nut and Dried Fruit Council (INC) - 10%.




FIGUUR 4: UITEENSETTING VAN 'ANDER' BRONNE VAN INKOMSTE



Administratiewe kostes

Die administratiewe funksie word so koste-effektief moontlik bestuur, om te verseker dat fondse wat ingewin en aangewend is, die meeste moontlike waarde vir ons produsentelede kan ontsluit. 'n Afname van 9% na 7.8% kan vir die periode van 2019 na 2020 waargeneem word. Die administratiewe koste verteenwoordig 7.8% van die totale inkomste gegeneer (2020) en beloop R 1 269 456.



FIGUUR 5: ADMINISTRATIEWE KOSTE-SAMESTELLING VAN RAISINS SA

Raisins SA se BEE-status

Raisins SA beskik oor toegewyde bestuurskapasiteit ten opsigte van ons Transformasie portefeulje. Daar is noue samewerking met die regering. Die fokus van die portefeulje is op ondernemingsontwikkeling, die ontwikkeling van vaardighede asook sosio-ekonomiese ontwikkelingsaktiwiteite soos uitgespel deur die NAMC.

Raisins SA handhaaf tans 'n BEE vlak 2 status volgens die QSE telkaart (spesiale telkaart vir Nie-Winsgewende organisasies).

Nuwe statutêre heffings siklus: 2021 - 2024

Raisins SA het gedurende 2020 'n nuwe heffingsaansoek voorberei vir die verlenging van statutêre maatreëls vir droogdruive in terme van die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, Nr. 47 van 1996, soos gewysig. Produsente, verpakkers en eksterne rolspelers is gekonsulteer in die proses ter ondersteuning van die aansoek. Die nuwe siklus strek oor die periode van 2021 – 2024 en is amptelik aangekondig in die Staatskoerant in Desember 2020. Die heffing vir dieselfde periode is as volg gepubliseer:

- 16c/kg vir 2021
- 17.67c/kg vir 2022
- 19.33c/kg vir 2023 en
- 21c per kg vir 2024

* Nota: BTW uitgesluit en word op bruto massa gehef vir koste-effektiwiteit.




4. NAVORSING EN ONTWIKKELING

4.1 Oorsig van portefeulje

Raisins SA streef na 'n model met goeie basiese riglyne rondom tegniese navorsing, asook die oordrag van 'tegnologie'. Navorsingsdienste word aan die droogbedryf voorsien, asook tegniese ondersteuning wat benodig word om die huidige bedryf se behoeftes aan te spreek.

Die totale spandering vir hierdie portefeulje is R3 738 192, wat 23% van die totale spandering verteenwoordig. Die afgelope seisoen (2020) is daar projekte in plek gestel; daar is ook bestaande projekte wat voortgesit is weens die langtermyn-aard daarvan. Met die nuwe era wat aangebreek het in die rosyntjiebedryf is daar baie entoesiasme om te verseker die oplossings is volhoubaar en tegnologie-oordrag vind op 'n ordelike wyse plaas.



- Employment Cost (TR)
- Culteva toep
- Vrugtevliegmonitering
- Veldproewe
- Tech & Innovation
- Selma Pete (Experico)
- Phylloxera
- Meganisasie Rosyne
- Irrigation Scheduling
- Evaluasie van Kultivars
- Bladspringer
- Vruevaluasie
- Climate change WRC project
- Water Quality
- Teel & Evaluasie Rosyne
- SPV
- Plant Material recom & Logisti
- Onderstokke Rosyne (000218)
- Margarodes
- Industry Sustainability
- DTD/SATGI Rootstock

FIGUUR 6: NAVORSING- EN ONTWIKKELINGSPANDERING VIR DIE JAAR 2020

4.2 Tegniese advieskomitee

Die tegniese komitee is saamgestel om die tegniese afdeling van Raisins SA te adviseer en tegniese punte te bespreek. Die komitee gee op sy beurt weer terugvoering aan die DWPO (Raisins SA-advieskomitee).

Die 2020 tegniese komitee bestaan uit die volgende persone en instansies:

Komiteelid	Instansie
Henning Burger	Orange River Cellars
Callie de Jager	Carpe Diem Raisins
JP Bence	Carpe Diem Raisins
Strys Strauss	Redsun
Stefan Jordaan	Raisins SA (Sekretaris)
Andrè Oberholzer	Acorn Citrus & Grapes
David Van Der Merwe	David v.d. Merwe Farms
Willem Van Aarde	Karsten Farms
Vinal Coetzee	Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike ontwikkeling


Doelwit:

Evalueer kernaksies van belangrikheid t.o.v. navorsing tot die verbetering van die bedryf.

- Werkbare oplossings vir tekortkominge in die bedryf
- Insameling van statisties-korrekte inligting
- Evaluering van tegniese aspekte en kritiese punte
- Identifikasie van gekwalifiseerde instelling/persone vir navorsingswerk
- Koste-effektiewe oplossings
- Prioritisering van tegniese navorsingsprojekte

4.3 Befondsingsvennote

In ooreenstemming met Raisins SA se filosofie rakende samewerkende vennootskappe, speel die volgende instellings 'n fundamentele finansiële rol in die groei van ons navorsing en ontwikkelingsbegroting. Hierdie vennote is:



FIGUUR 7: ADDISIONELE BEFONDSING TOT NAVORSING

4.4 Fokusareas

Natuurlike Hulpbron bestuur

- Water beskikbaarheid en kwaliteit
- Klimaatsverandering
- Weerdata en voorspellingsmodelle
- Produksieverslae aan die hand van klimaat/weerstoestand

Optimalisering van droogpraktyke en metodes

- Droogbane beste praktyke ontwikkeling
- Infrastruktuur navorsing
- Droogprodukt evaluasies

Optimalisering van wingerdpraktyke

- Kultivar geskiktheid vir SA omstandighede om die opbrengs en kwaliteit van die produk, sowel as die verdraagsaamheid teenoor klimaatsgebeurtenisse, te verhoog.
 - Kultivar evaluasies
 - Bevorder die kwaliteit van plantmateriaal in die groter waardeketting van plantmateriaal
 - Plantmateriaalstandaarde & plantverbetering
 - Onderstok-evaluasies
- Optimalisering van produksie
 - Optimalisering van produksie (Droog aan die stok / Dry on Vine (DOV))
 - Droog-aan-die-stok prieselstelsels en kultivars
 - Set-proewe op Selma Pete
- Veldproewe
 - Oesskattingsmodel
 - Swael van Sugra 39
- Grondvoorbereiding
- Plae en siektebeheer
 - MRL afbreek kurwes
 - Vrugtevlug skadebepalingsmodel

Menslike hulpbronbestuur

- Praktiese studente (“Interns”) leer- en ontwikkelingsprogram
- RSA Tegniese interne span
- Tegniese Komitee

Tegnologie Oordrag

- Publikasies van sleutelaktiwiteite en navorsingsuitsette
- Inligting en velddae
- Handleiding vir die beste praktyk riglyne



4.5 Hoëvlak projek terugvoering

Tabel 2: Navorsing en Ontwikkeling – projekopsomming vir 2020

Fokus area	Projek	Doelwitte	Vordering	Tydsduur
Natuurlike hulpbronbestuur				
Water beskikbaarheid en kwaliteit	Watergehalte	Om 'n Nie-Winsgewende Organisasie (NGO) te stig en te bestuur vir gereelde evaluasie van watergehalte in die Oranjerivierstreek om te verseker die waterbronne bly volhoubaar.	Die forum is gestig en gemeenskaplike belangstellendes is betrek. Fritz Bekker van Clean Stream Environmental Consultants tree op as adviseur.	Deurlopend
		Moniteer en onderneem optrede aangaande watergehalte.	Moniteer die Oranjerivier van Vanderkloofdam tot by Onseepkans. Handhaaf struktuur vir bespreking van watergehalte-sake. Loods aksies gebaseer op bogenoemde inligting.	Deurlopend
Klimaatverandering	Koolstofvoetspoor	Om 'n norm vir die droogbedryf te bepaal en te vergelyk met ander wingerdbedrywe.	Fase 1 afgehandel vir model. Verslag gedoen deur BlueNorth Sustainability.	2021
Weerdata		Opvangs en verwerking van weerdata asook vergelyking met langtermyn data.	Betrek mede-finansierders, suksesvolle samewerkingsooreenkomings met Villa Crop Protection.	Deurlopend
Optimalisering van droogpraktyke en -metodes				
	Droogfasiliteite	Beste praktyke instelling vir hersiene droogpraktyke en kontaminasie risiko se aanspreking.	Fase 1 geïnisieer met I-plan as bedryfsvennote. Uitvoering van die proewe in 2021 seisoen.	Deurlopend

Fokus area	Projek	Doelwitte	Vordering	Tydsduur
Optimalisering van wingerdpraktyke				
Kultivar geskiktheid vir SA omstandighede om die opbrengs, kwaliteit van die produk, verdraagsaamheid teenoor klimaat gebeurtenisse te verhoog	Teel en evaluasie van rosytjekultivars	Identifiseer nuwe potensiële kultivars wat ouer, swakker-produiserende kultivars kan vervang of kan lei tot beter benutting van droogfasiliteite en beter oesvenster.	Deeglike identifikasie van kultivars word gedoen om volhoubare oplossings te verseker in-huis en vir privaat lisensiehouers.	Deurlopend
	Culteva-app	'n Platform is opgestel om kultivar evaluasies op 'n maklike standaardstelsel te doen. Doelwit is om as droogbedryf 'n standaardhandleiding rakende kultivareienskappe op te stel tesame met basiese beste praktyke riglyne.	Provar wat lisensiehouer is deurentyd besig met ontwikkeling.	Deurlopend
	Vrug-evaluasie	Hier is dit veral gefokus op gedroogde produk evaluasies.	Alle nuwe potensiële kultivars is ge-evalueer en getoets met verskillende droogmetodes.	Deurlopend
Bevorder die kwaliteit van plantmateriaal in die groter waardeketting van plantmateriaal	Plantmateriaal	Stel riglyne in plek vir rapportering van probleme. Verteenwoordig die droogbedryf by die WVV (Wingerdverbetering Vereniging).	Grondvlak betrokkenheid by moederblokke, plantmateriaal. In-huis plantmateriaal proewe op drie persele op Selma Pete en Sugra 39.	Deurlopend
	Onderstokke	<p>Onderzoek die bestaande onderstokke op verskillende persele om te bepaal watter onderstokke op die spesifieke kultivar mees geskik is onder spesifieke toestande. Persele is aangeplant in Blouputs (binnegrond), Upington (buitegrond), Vredendal, Vanrhynsdorp.</p> <p>Weens die gemeenskaplike belang is SATI ook betrokke in die ontwikkelingswerk.</p>	<p>Daar vind in-huis evaluasies plaas op Vanrhynsdorp.</p> <p>Die ander word uitgekonnekteer aan Provar. Alle inligting word ook vasgevang in die Culteva-platform.</p>	2019 aangeplant en nuwe onderstok aanplantings vind plaas in 2021.

Fokus area	Projek	Doelwitte	Vordering	Tydsduur
Optimalisering van wingerdpraktike				
Optimalisering van produksie	Droog-aan-stok	Daar is aanplanting in Kakamas (binnegrond) gemaak op Selma Pete, Merbein Seedless en Sugra 39 asook met 2 verskillende opleistelsels in Shaw-swaaikap en Bokhorning om te bepaal watter stelsel en onderstokkombinasie die meeste geskik is.	Aanplantings het plaasgevind in 2019. Projek word gedoen in samewerking met die LNR.	2019 aangeplant – 2024
	Set proewe op Selma Pete	Selma Pete is geneig tot oormatige afspeen in blom. Ondersoek die verskillende praktike of middele gevolg om verbeterde set te bevorder.	Finale proefresultate is opgestel met resultate in Oranje- en Olifantsrivier.	2020
Veldproewe	Tros gewigte en oesmodel	Die droogbedryf het beperkte inligting beskikbaar ten einde akkurate oesskatting te bepaal. Bepaal norms en verseker goeie stokdata.	Inisiëringsfase in 2020 seisoen met gewigte, trostellings en skadebepaling. Agrihub program opdateer by produsente om vanaf akkurate hektare te werk.	2020 - 2025
	Skadebepaling	Direkte en indirekte skadebepalings modelle vir die bedryf skep.	Inisiëringsfase 2020	2020 - 2025
	Sugra 39 Swael proewe	Bepaal of kultivar geskik is vir swaelrosyne al dan nie.	Reën het proewe belemmer in 2020 seisoen. Herhaal 2021.	2019 - 2021

Fokus area	Projek	Doelwitte	Vordering	Tydsduur
Grond voorbereiding				
Plae- en siektebeheer	MRL residu afbreek kurwes Vrugtevlieg monitering en skadebepaling	Bepaal of produkte veilig is vir gebruik op die regte stadium. Impak op bedryf bepaling.	Een aktiewe bestanddeel wat krities is vir die laaste gebruik in die seisoen is getoets. 2021 Word werk geïnisieer.	Deurlopend
	Margarodes	Margarodes is inheems en voed op wortel wortels, verswak die wortelstelsel en verkort die produktiewe leeftyd van wingerde. Die doel van die projek is om 'n geïntegreerde bestuurstrategie vir Margarodes te ontwikkel. Die doelstellings is: (1) om die doeltreffendheid van geselekteerde kontak- en sistemiese insekdoders vir Margarodebeheer in veldproewe te toets, (2) om die doeltreffendheid van geselekteerde EPF's vir biologiese beheer van Margarodes in die laboratorium (nagraadse student) en in die veld te bepaal, (3) om die doeltreffendheid van geselekteerde EPN's vir biologiese beheer van Margarodes in die laboratorium en in die veld te bepaal (nagraadse student); en (4) 'n geïntegreerde bestuurstrategie vir Margarodes in tafeldruive te ontwikkel en te evalueer.	Geen formele resultate nie.	2019 - 2023

Fokus area	Projek	Doelwitte	Vordering	Tydsduur
Grond voorbereiding				
Plae- en siektebeheer	<i>Phylloxera</i>	Die doel van hierdie projek is om die <i>Phylloxera</i> -opnames wat in die sewentigerjare in die belangrikste tafel- en droogdruiwestreke gedoen is, te herhaal. Die doelstellings is om te bepaal (1) hoe wydverspreid <i>Phylloxera</i> in die tafel- en droogdruifbedryf voorkom, en (2) of <i>Phylloxera</i> aansienlik bydra tot die swak prestasie van die wingerdstok, met en sonder die teenwoordigheid van ander faktore wat die groeikrag van die wingerdstok beïnvloed, en dus ook die weerstand/ verdraagsaamheid teen <i>Phylloxera</i> .	Monsters is getrek op verskillende persele en ook uitgebrei na ander areas.	2019 – 2022
Menslikehulpbron bestuur				
“Interns” leer- en ontwikkelings-program		Opstel van programme.		
RSA Tegniese interne span	Skepping van kapasiteit	Skep ’n volhoubare tegniese en navorsing en ontwikkelingspan ter bevordering van die area in geheel.	Aanstelling van vier lede in die span waarvan drie onder internskap aangestel is. <ul style="list-style-type: none"> • 1x Grondkundige • 1x Plantteelt kundige • 1x Junior navorsers • 1x Hidro-geoloog 	2020
Tegniese Komitee	Adviserings-komitee	Identifisering van bedryfsgeleenthede en risiko’s op ’n tegniese en navorsingsgebied.	Suksesvol saamgestel.	2020

Fokus area	Projek	Doelwitte	Vordering	Tydsduur
Tegnologie oordrag				
	Velddae	Om op 'n oorsigtelike mate inligting wat vasgevang word oor te dra aan produsente.	Daar was 10 Veldsessies gehou in die 2020 seisoen te midde van die uitdagings rondom COVID 19. Buiten die veldsessies is daar ook elektroniese weergawes opgestel van die aksies.	2020
	Opvang en virtueel	Vasvang van inligting.	SAWWV het ook 'n elektroniese inligtingsdag aangebied waar rosyne betrokke was. Opleiding word vasgevang in video formaat.	
Publikasies van sleutelaktiwiteite en navorsingsuitsette	Onderstok-handleiding vir rosyne	Samevatting van die afgelope jare se navorsingsdata van verskillende onderstokke se prestasies op droogdruie.	Afgehandel.	2020
Handleiding vir die beste praktyk riglyne	Grondvoorbereiding en -praktyke	Hersiening en daarstelling van 'n erkende handleiding wat deur rosyne produsente, studente gebruik kan word. Ook die oordrag van kennis aan voorligtingsbeampes van die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling.	Program geloods 2020.	2020 - 2025
	Plae- en siektebeheer			
	Plantmateriaal en kwaliteit			
	Bedryfs-volhoubaarheid	Die ontwikkeling van 'n raamwerk wat die volhoubaarheid van die bedryf kan ten toon stel.	Voltooi literatuurstudie. Konsulteer 40 kundiges en lewer insette tot wesenlike aanwysers vir volhoubaarheidsondersoek. Besoek waardekettingsamestelling. Oorweeg die sosiale kapitaal en belangrikheid van vertrouwe in 'n bedryf.	Afhandel 2021

4.6 Lesse geleer

Soos wat 'n bedryf ontwikkel kom daar al hoe meer nuwe uitdagings en geleenthede by. Die rosynebedryf internasionaal het geweldig baie plek vir ontwikkeling wat net bevestig hoe geweldig baie nog gedoen kan word om beter volhoubaarheid te verseker.

Die afgelope jaar:

- Kommunikasie tussen verskillende bedrywe in geheel is krities vir gesamentlike verbetering van die wingerd- & landboubedryf.
- Ons moet wyer kyk as net die wingerdbedryf en ook by ander instansies aanklop vir kruisbestuwing.
- Klimaat het weer omgeswaai na “La Nina” wat alle weerpatrone deurmekaar gegooi het. Areas wat laer rivier-af lê soos vanaf Kakamas na Augrabies en normaalweg vrygeskeld is van ryp, was geteister. Hael het vroeg reeds in die seisoen geval in Keimoes en Upington. Dit is belangrik dat daar meer werk gedoen moet word in vooruitvoorspellings van weer en vroeë waarskuwingsisteme in plek gestel moet word. Vroeë waarskuwingstelsels kan ook die impak van die skade minimaliseer soos die voorspelling van donsskimmel.
- Die sekondêre impak van rypskade is nie altyd dadelik bepaalbaar na die ryp nie en word in baie gevalle eers tydens die oes bepaal.
- Covid-19 het beslis die oordrag van inligting baie meer uitdagend gemaak en die normale manier van inligtingsessies, soos velddae, was beperk. Dit het ons weer geleer dat daar baie ander maniere is om steeds inligting te kan oordra op 'n tegnologiese manier. Voordele van die manier is dat die inligting goed vasgevang word en vinniger meer produsente kan bereik.
- Om praktiese navorsing te onderneem, wat op plaasvlak van groot waarde kan wees, is dit krities dat die nodige kapasiteit in plek gestel moet word om die bedryf te kan diens.
- Tegnologie en innovasie se benutting is nog relatief laag; hierdie is 'n sleutelrol van Raisins SA wat aandag in die toekoms sal moet geniet.
- Somtyds staan ons vasgevang in 'n stelsel en is versigtig oor wat die aanpassing daarvan sal wees, maar as ons eers die stelsel aanpak is die geleentheid legio. 'n Goeie voorbeeld hiervan is om betrokke te raak by plantmateriaal wat die bedryf kan verbeter.
- Goeie data maak besluite maklik. 'n Voorbeeld hiervan is die besluit dat vrugtevlieg statutêr gespat word vir beheer van die wye area langs die Oranjerivier. Die besluit sou nie moontlik kon wees sonder die afgelope drie seisoene se monitering om die risiko's uit te wys nie.
- Alle proewe onafhanklik van grootte moet statisties ontleed word. Besluite geneem op grond van die data is kardinaal vir langtermyn volhoubaarheid.

4.7 Slotsom

Die afdeling se fondasie is gelê en begin nou groei. Kapasiteit word aangespreek en goeie interaksie met bedryfsvennote, produsente en personeel word gevestig. Die vestiging van 'n tegniese komitee wat adviserend optree werp beslis reeds vrugte af. In 2020 is daar beslis baie nuwe uitdagings aangepak. Met bykomende personeel, asook die ondersteuning van die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, is 'n beste praktyke handleiding ontwikkel waarmee ons baie kern aksies kon identifiseer.

Elke aksie, projek en proef, onafhanklik van die grootte daarvan, dra op sy beurt by tot 'n groter prentjie en saam vorm alles die finale volhoubaarheid. Die bestuur van al die aksies en om te prioriseer wat kern-belangpunte is, is verseker 'n uitdaging, dus strew ons na samewerking met ander instansies om die moontlike ondersteuning te kry by projekte.


5. MARKNAVORSING, MARKTOEGANG EN MARKONTWIKKELING

5.1 Oorsig van portefeulje

Oor die afgelope drie dekades het die landbou-omgewing massiewe veranderings ondergaan. Dit sluit onder meer in veranderinge in handelsbeleid (vrye-mark), bevolkingsgroei, klimaatsverandering, die tegnologiese revolusie, die finansiële krisis, ens. Die toenemende geïntegreerde wêreldmark het inderdaad groeigeleenthede vir ons Suid-Afrikaanse bedryf ingehou (as ontwikkelende ekonomie).

Dit het ons die geleentheid gebied om ons rol as internasionale verkoper van rosyntjies te laat toeneem met meer as 250% oor dieselfde tydperk, waarvan 100% oor die afgelope 8 jaar plaasgevind het. Verdere verwagte groeiende volumes (25%) oor die volgende drie jaar onderstreep die belangrikheid van investering in marknavorsing, toegang tot markte en die ontwikkel van nuwe markte, as sleutel tot die toekomstige langtermyn sukses van die SA rosyntjie bedryf oor die volgende tien jaar.

Die totale spandering op hierdie portefeulje beloop R5 160 323 wat 39% van totale verdienste verteenwoordig. Figuur 4 verskaf 'n hoëvlakoor sig van inkomste gegeneer vanuit bogenoemde beleggings, asook ander bronne soos borgskappe, mede-finansiering van transformasie aksies, renteverdienste, huurinkomste, ens. Die grootste bydraes is afkomstig van Transformasie (31%), SAPO Trust (23%), DTD Trust (10%) en die International Nut and Dried Fruit Council (INC - 10%).



FIGUUR 8: MARKNAVORSING, BEDRYFS-‘BENCHMARKING’ EN MARKONTWIKKELING-SPANDERING VIR 2020

Aan die hand van die bostaande is dit belangrik dat Raisins SA die volgende funksies namens die bedryf behartig:

1. Markintelligensie / Bedryfs-‘benchmarking’;
2. Marktoegang en
3. Markontwikkeling.

Hierdie fokusareas sal kortliks in die komende gedeelte hanteer en bespreek word.

5.2 Fokusareas


Oor die afgelope jaar het Raisins SA homself op die volgende areas toegespits:

1) Markintelligensie


Die insameling van data, verwerking daarvan en vertolking van markinligting is belangrik tot die bevordering van 'n deursigtige markomgewing. Dit sluit plaaslike sowel as internasionale inligting in.

Die bedryf het oor die afgelope agt jaar (2010) verdubbel in volumes, terwyl die VSA produksieverliese van 100 000 ton ervaar het. 'n Belangrike strukturele verandering was in die internasionale produksie van Thompsons. Juis weens die feit dat Suid-Afrika en die VSA in kompetisie is vir die voorsiening van kwaliteit Thompson-rosyntjies. **Wat egter as risiko ervaar word is dat ons nie konstant die mark kan voorsien en gereeld volumes kan vergroot nie.** Die groot variasie in Goue- en Thompson rosyntjies moet op 'n ordelike wyse aangespreek word ter bevordering van SA se internasionale markte. Figuur 9 illustreer waar groei (afname) in produksie internasionaal plaasvind.

Die vernaamste invoerders van rosyntjies sedert 2010 – 2020 word getoon in Figuur 10. Die grafiek bevestig dat die VK die enkele grootste bestemming is vir rosyntjies, gevolg deur Duitsland in die tweede plek, derdens Japan, daarna Nederland en Indië in die vyfde plek. Die VK-mark het negatief gegroei in beide volume en waarde die afgelope sewe jaar, wat hoofsaaklik toegeskryf is aan negatiewe gesondheidskonnotasies. Hierdie wanpersepsies sal moet reggestel word deur lande wat rosyntjies produseer. SA het 'n klein marktaandeel (ongeveer 2%) in die VK, met die mark wat oorheers word deur Turkye (>70%).




FIGUUR 9: WÊRLDPRODUKSIE IN DIE NOORDELIKE EN SUIDELIKE HALFROND, OOR DIE TYDPERK 2013 – 2020



FIGUUR 10: WÊRLD INVOERE VIR DIE TYDPERK 2010 – 2020


SA is hoogs gekonsentreerd in die Europese mark (EU), met totale verskeppings uit SA van net onder die 50%. Duitsland is 'n belangrike mark en het sterk gegroei oor die afgelope vyf tot ses jaar. Gesien in 'n tradisionele handelskonteks, het SA 'n baie klein marktaandeel in die Verenigde Koningryk (VK), in vergelyking met die Suid-Afrikaanse varsvrugtebedryf. Marknavorsingswerk wat gedurende 2019 afgehandel is, het aangedui dat daar groeigeleenthede vir SA in die VK is. Daar is ook potensiaal om wesenlike vordering te maak in die verband. Dus is daar vir die eerste keer twee veldtogte aangepak in die VK mark, naamlik: Beautiful Country, Beautiful Raisins en Dried Fruit Alliance.

Sedert die aanvang van die VK veldtogte, het SA se volumes, na die spesifieke mark, gegroei van 2019 tot 2020 met 3 561 ton van 2 770 ton in 2019 tot 6 676 ton in 2020. Die VK mark verteenwoordig nou 8.8% van ons totale produkuitvoere, teenoor 6.9% onderskeidelik vir 2020 en 2019.





FIGUUR 11: HOOF-UITVOERMARKE VIR SUID-AFRIKAANSE ROSYNE (2020)

Die bedryf is onder druk om die oes ten volle uit te verkoop voor die nuwe seisoen, dus beklemtoon dit die noodsaaklikheid vir beter organisering en selfs kontraktluiting per produktipe tussen verpakkers en produsente. Die onderstaande grafiek toon uitvoere van sleutel produksie-gebiede oor die afgelope sewe jaar. Die vooruitsigte is dat SA volumes sal toeneem tot 100 000 ton teen moontlik so vroeg as 2022/23.



FIGUUR 12: GROEI IN INTERNASIONALE UITVOERE, OOR DIE TYDPERK 2013 – 2020





2) Bedryfsnavorsing en 'benchmarking'

Bedryfsnavorsing en 'benchmarking' van sleutelaktiwiteite (produksie, verwerking, logistiek, ens.), plaaslik en internasionaal, is belangrik vir die uitwys van uitdagings en ondoeltreffendhede in ons bedryf. Dit dien as belangrike brondokument vir enige onderhandelinge of gesprekke rakende beleidsformulering, strategiese beplanning van verskeie kapasiteite in die bedryf soos verwerking, plantmateriaal, ander inset verwante groei, logistiek, nuwe markte ens.

3) Marktoegang en Markontwikkeling

Voedselveiligheid en fitosanitêre faktore is 'n sleutel tot die versekering van internasionale marktoegang. Huidige werk is veral toegespits op faktore wat verband hou met die vermindering van produk kontaminasie deur klippies, sand en duwweltjies. Terselfdertyd kry naspeurbaarheid aandag, om sodoende produkvloei en die oorsprong daarvan te kan versterk. Dit is veral die Europese Unie wat groter druk plaas op alle produksiegebiede om aan verskeie riglyne te voldoen ter bevordering van volhoubaarheid. Volhoubaarheid word omskryf as goeie en gesonde bestuurspraktyke, ekonomiese faktore, sosiale verpligtinge en om omgewingsvriendelike praktyke te bevorder. Wesenlike tree is vorentoe gegee gedurende 2020, om SA GAP ten volle in werking te kan stel.

Markontwikkeling vir groeiende volumes in die bedryf sal baie belangrik wees tot die volhoubaarheid van die bedryf. Om konstant dubbelsyfergroei in produksie te behartig, sonder om te kompenseer op die prys, is 'n moeilike en selfs onrealistiese verwagting.



5.3 Bemarkings advieskomitee

Dit dien as besprekingsplatform waar markrisiko-verwante sake bespreek word om aan die direksie van Raisins SA raad te verskaf. Die komitee word aangewend om sleutelmarkkwessies soos voedselveiligheid, MRL'e, oesskattings, markontwikkeling ens. te bespreek.

Die doelwit van die komitee is as volg:

- Om markrisiko's (fitosanitêre risiko's, MRL'e, voedselveiligheid, tariewe, logistieke uitdagings, ens.) in die bedryf te identifiseer en te bespreek, waar die nodige regstellende stappe in plek gestel kan word om die risiko's te verminder of uit die weg te ruim. Bv. SA GAP.
- Om te verseker dat akkurate inligting gedeel word (onder bedryfsrospelers, die media, ens.) en sodoende dus deursigtigheid in die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf te bevorder.
- Terugvoer te gee ten opsigte van marktoegang en die ontwikkeling van markte te bevorder.

Die komitee is in werking gestel op 28 Februarie 2020 tydens sy eerste amptelike vergadering. Die komitee is saamgestel uit alle rosyntjieverpakkings- en -produsente verteenwoordigers. Vanuit hierdie komitee word 2 verpakkings jaarliks afgevaardig om op Raisins SA se direksie te dien.

Komiteelid	Instansie
Johannes Fourie	Raisins SA Direksie voorsitter
David van der Merwe	Raisins SA Direkteur
Van Zyl Vorster	Raisins SA Direksie
Santjie Coetzer	Pioneer Foods
Nico Koch	Pioneer Foods
Johannes van Niekerk	Fruits du Sud
Philip Brockman	Fruits du Sud
Tanya Alston	Fruits du Sud
Charl du Plessis	OWK
Stephan Kruger	Prosperitas
Magdalena du Plessis	Onafhanklik
Peter Kuilman	Red Sun Raisins
Gog van der Colff	Carpe Diem Raisins
Pieter Roos	Carpe Diem Raisins
Ferdie Botha	Raisins SA
Bekkie van Aarde	Raisins SA (Sekretaresse)




5.4 Hoëvlak projek terugvoering

Hierdie afdeling sal spesifiek fokus op sleutel projekte wat gepaard gaan met Markintelligensie, Marktoegang en Markontwikkeling. Elke projek sal bespreek word ten opsigte van die projek se doelwitte, vordering en tydsduur.

Tabel 3: Marktoegang, navorsing, 'benchmarking' en ontwikkeling – Projekopsomming vir 2020

Projek	Doelwitte	Vordering	Tydsduur
Bedryfsnavorsing, 'benchmarking' en Mark Intelligensie			
Bemerkingsforum word gestig	Bemerkingsforum word gestig waar lede van alle verpakkers om 'n tafel kan sit en saam kan groei en besluite neem.	Drie keer per jaar.	Deurlopend
Marknavorsing en prioritering – 12 markte ondersoek	Ondersoek van sleutelmarkte vir Suid-Afrika om die potensiaal vas te stel en die toekomstige oorhoofse bemerkingsaktiwiteite te bepaal.	Projek afgesluit, met nodige aanbevelings.	Elke vier jaar
Oesskattings en weeklikse inname	Oesskatting is kritiese inligting om markte in te lig oor gebeure in belangrike produksiegebiede. Dit sluit deelname in aan die INC en Sultana konferensie statistiek en publikasie.	Ten volle geïmplementeer. Word jaarliks opgedateer met die nuutste inligting.	Jaarliks
Analise van marktendense (industrie statistiek boekie)	Om marktendense te bepaal in terme van produksievolumes (aanbod), produkkategorieë, historiese pryse, wisselkoers, markaanvraag, uitvoervolumes, invoervolumes, plaaslike verbruik, ens. Hierdie inligting is noodsaaklik om verskeie lede van die waardeketting beter in te lig oor strategiese beleggingsbesluite.	Ten volle geïmplementeer. Word jaarliks opgedateer met die nuutste inligting.	Jaarliks
Mark- en handelsverslag: Kwartaal 1 – 4	'n Kort opsommende mark- en handelsverslag beskikbaar te stel.	Ten volle geïmplementeer. Word jaarliks opgedateer met die nuutste inligting.	Kwartaalliks (terugwerkend)
Handelsverslag: Agrihub	Die insameling en verspreiding van maandelikse handelsdata. Dit dien as 'n sleutelfunksie om markgroei (afname) te kan kwantifiseer.	Ten volle geïmplementeer.	Maandeliks

Projek	Doelwitte	Vordering	Tydsduur
Vermenigvuldigingseffek van die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf	<p>Om die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf se sosio-ekonomiese impak binne die konteks van die volgende te kwantifiseer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • BBP-bydrae (ekonomiese uitsette) • Verdienste op buitelandse geldeenhede • Fiskale bydrae in belasting en heffings • Werkskepping. <p>Bogenoemde feite is noodsaaklik in enige van ons beleidsgesprekke met sleutelbelanghebbendes soos die staat, georganiseerde landbou, internasionale markte, skenkers, ens.</p>	<p>Die projek is in Julie 2019 voltooi, met die gepubliseerde uitslae beskikbaar aan alle lede.</p>	<p>Elke vier jaar</p>
Ekonomiese/finansiële maatstabepaling (kostegids)	<p>Om maatstawwe te bepaal en bedryfsnorme vir rosyntjieproduksie te verskaf.</p>	<p>Twee verskillende inisiatiewe:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vinpro/Raisins SA • Frudata 	<p>Jaarliks</p>



KOSTEGIDS 2020



GRADERING INFOGRAFIESE

Projek	Doelwitte	Vordering	Tydsduur
Marktoegang			
Projek GAPP word geloods	<p>Projek GAPP word geloods waar gekyk word na Gradering, Oudits en Droogbane in samewerking met I-plan, asook Beste Praktyk publikasies.</p> <p>Navorsingswerk op gradering sluit die VSA en Australië in. Plaaslike bedrywe is gekonsulteer wat grane, oliesade en die vleisbedryf insluit.</p> <p>Dienooreenkomstig is die volgende opgestel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Riglyne vir die neem van verteenwoordigende monster tydens inname; • Produk spesifikasies per produk kategorie, sluit die ontwikkel van nuwe kleurkaarte in; • Inwerkingstelling van lugstroomsorteerders waar meer as 80% van die bedryf daartoe ingestem het. Standaardisering van Van Geen Waarde- en Industriële graad produk. • Ontwikkeling van 'n nuwe appèl graderingsmeganisme wat ten doel het om enige ontevrede saak oor hergradering aan te hoor en uitklaring te gee. • Opleiding van produsente en verpakkers van die inname standarde. 	<p>Gradering en Oudits is afgehandel Desember 2020.</p> <p>Droogbane en Beste Praktyke handleiding is 'n drie jaar projek en sal teen Des 2023 afgehandel wees.</p> <p>Gradering vir implimentering 2021, sal dienooreenkomstig verder ontwikkel word.</p>	Deurlopend

Projek	Doelwitte	Vordering	Tydsduur
Marktoegang			
SA GAP	<p>Groot leemtes is geïdentifiseer met implementering van SA GAP wat alreeds vanaf 2001 strek. Vordering oor die afgelope twee dekades was swak en is dienooreenkomstig aangespreek.</p> <p>Baie moeite is gedoen om inligting rakende die SA Gap-oudit in 'n maklik, verstaanbare manier oor te dra aan produsente en die proses so maklik as moontlik te implementeer. Verskeie werkwinkels is met produsente hanteer om inligting te kan oordra, dit sluit ook 'n kort video in om stap vir stap die proses te verduidelik.</p> <p>'n Risiko gebaseerde stelsel is onderhandel met PPECB en die standaard vir rosyne is hersien in samewerking met produsente, verpakkings en PPECB. Hierdie het wesenlike kostebesparings vir die bedryf, beraam op ongeveer R2m.</p> <p>Inwerkingstelling van Agrihub wat die bedryf se databasis opgedateer het en 'n stoksensus is vir die eerste keer in die afgelope twee dekades volledig afgehandel. Dit is 'n groot tree in die regte rigting. Meer as 200 produsente is bygestaan om PUC en DF nommers te registreer.</p>	<p>SA GAP opgedateer.</p> <p>Kategorie stelsel in plek gestel toegelig deur voedselveiligheid en naspeurbaarheid risiko's.</p> <p>Agrihub as databasis is in plek vir naspeurbaarheid.</p>	Deurlopend
Minimum plaaslike produk standaard vir SA	Gedurende 2020 was die minimum standaard vir die plaaslike mark hersien, gewysig en gepubliseer.	Projek afgesluit, met nodige aanbevelings.	Elke vier jaar
Markontwikkeling			
Generiese bemerking in die geval van ander bedrywe (wyn, sagtevrugte, sitrus, tafeldruive)	Die ondersoek het gepoog om ander bedrywe se 'voordeel' van bemerkingsaktiwiteite te ondersoek. Spesifieke oorweging is gegee aan gedroogde vrugte en die potensiele voordele van 'n generiese bemerkingsveldtog.	Projek afgesluit, met nodige aanbevelings.	Elke vier jaar
Bemerking: Internasionale bemerking in die VK-mark	In Maart 2020 bied Raisins SA 'n baie suksesvolle bemerkingsbesoek aan. Nege afgevaardigdes van die VK-mark, waarvan drie van die wêreld se grootste kopers in die rosyntjiebedryf is en 'n span joernaliste (VK en Duitsland), besoek die Noord-Kaap. Goeie verhoudinge word gebou, goeie stories word die wêreld ingestuur en die mark neem kennis van Suid-Afrika.	Die groei wat die mark getoon het in die afgelope jaar spreek vanself.	Deurlopend


Projek	Doelwitte	Vordering	Tydsduur
Dried Fruit Alliance	'n Internasionale poging word aangewend om disinformasie aan te spreek t.o.v. droëvrugte in die wêreld se grootste markte. Dit sluit samewerking tussen VSA, Turkey, SA, Australië, Chili en Argentinië in.	Positiewe reaksie het gevolg met meer as 20m verbruikers wat bereik was in die proses.	2020 en 2021
Bemarkingsvideo	Raisins SA se bemarkingsvideo word vrygestel en bied 'n kort en kragtige oorsig oor wat die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf kan bied teenoor ander wêreldmarkte.	Die video is vrygestel en sal hersien word elke drie tot vyf jaar.	Hersien elke drie tot vyf jaar.
Bongi Mbonambi	Raisins SA finaliseer die ooreenkoms met One-Sport en Bongi Mbonambi raak die "Brand Ambassador" vir Raisins SA.	Maandelikse interaksies met Bongi asook promosiemateriaal word geskiet vir sosiale media.	Kontrak eindig September 2021
Handelsmerk "Branding" op trokke	Raisins SA bring op twee van McDonald's transport se trokke ons handelsmerk aan. Die trokke dien as rond-bewegende advertensie borde om die 'Brand' daar buite uit te dra en mense weer te laat dink oor rosyne.	Twee trokke reeds ge-"brand" in 2020. Nog drie trokke in beplanning vir 2021.	Mei 2021
Sam Linsell	Raisins SA finaliseer 'n ooreenkoms met Sam Linsell, een van Suid-Afrika se bekendste "foodies", vir die ontwikkeling van maandelikse rosyntjieresepte. Die resepte word op ons webtuiste en sosiale platvorms gedeel en is 'n sleutel tot ons generiese promosie aksies.	Drie resepte word maandeliks vrygestel.	Deurlpend



BEMARKINGSVIDEO



"BRANDING" VAN TROKKE



SAM LINSELL RESEPTE



SA SULTANA INFOGRAFIESE

Projek	Doelwitte	Vordering	Tydsduur
Samewerking met plaaslike en internasionale instansies ter bevordering van gebruik van droëvrugte	Die doel van die samewerking is om bemarkingsmoontlikhede te ondersoek en om mense weer oor rosyntjies te laat dink. Plaaslike verpakkings, Dried Fruit SA, Dried Fruit Alliance, International Nut and Dried Fruit Council (INC), Red Comm ens.	Deurlopend besig met projekte.	Deurlopend
SA Sultana projek	Met groeiende volumes is dit belangrik om na SA se produksamestelling te kyk en strategies te beplan. Die 'ou WP' kategorie is onderbenut en daar is potensiaal om hierdie produk beter te posisioneer. 'n Eerste regstelling wat onderneem was, was om die naam te verander, kwaliteit spesifikasie in plek te stel en die produk te ondersteun deur 'n promosie aksie, internasionaal.	Deurlopend besig met projekte.	Deurlopend
Ad hoc			
Persverklarings	Om akkurate, deursigtige inligting aan die mark te lewer en sodoende te verseker dat Raisins SA as 'n geloofwaardige bron van inligting beskou word.	Deurlopend besig met projekte.	Deurlopend
Hanteer van navrae	Navrae, verwysings en algemene klagtes word reaktief hanteer deur Raisins SA.	Deurlopend besig met projekte.	Deurlopend

5.5 Lesse geleer

Die volgende lesse is oor die afgelope jaar geleer:

- Volumes groei sterk oor die afgelope agt jaar in die bedryf en noodsaak optrede wat kan bydra dat volumes steeds bemark kan word, sonder om te kompenseer op die eenheidswaarde van ons produk.
- 'n Groot agterstand heers by generiese bemarkingsaksies, plaaslik sowel as internasionaal.
- Aandag aan plaaslike regerings se voedselprogramme moet ondersoek en onderneem word, met ongeveer 11 miljoen kinders wat deel uitmaak van ons primêre- en sekondêre skoolopleiding. As slegs 50% kinders bereik kan word deur skoolprogramme, kan dit 'n wesenlike verhoging in verbruik stimuleer, sowel as 'n kultuur van rosyne verbruik bevorder.
- Ongelukkig is 'n generiese promosie aksie 'n langtermyn georiënteerde aksie, terwyl onmiddellike resultate verwag word.
- Markintelligensie is noodsaaklik om deeglike besluite te neem oor die langtermyn; maar dit verg tyd, fondse en kundigheid om die nodige stelsels te ontwikkel, in plek te stel en voortdurend te diens. Tans is daar nie 'n toegewyde persoon om sy / haar volle aandag aan hierdie funksie te wy nie.
- Kapasiteit en kundigheid op die gebied is belangrik en is 'n wesenlike leemte wat gedeeltelik aangespreek word deur gebruik van eksterne partye.
- Die versameling en 'besit' van 'inhoud' soos resepte, foto-materiaal, 'stories oor die bedryf', geskiedkundige gebeurtenisse, ens., is 'n duur en tydsame proses. Groot leemtes bestaan in hierdie verband, maar geniet wel aandag sedert 2019.
- Inligting moet akkuraat en vinnig met die mark gedeel word.
- Inklusiewe gesprekke met produsente en verpakkers is 'n sleutel tot inligting wat uit Suid-Afrika na die internasionale gemeenskap vloei.
- Sleutelaspekte soos voedselveiligheid, naspeurbaarheid, etiese handelspraktyke en sosiale verantwoordelikhede sal dringend moet aandag geniet. 'n Stelsel wat monetêr onderskeid kan tref sal produsente aanspoor om vinniger op die gebied vordering te toon.
- 'n Sterk ondersteuningstelsel is nodig, wat verder met veral die inligting- en kommunikasieportefeulje geïntegreerd moet saamwerk.



5.6 Slotsom

Die heersende pandemie het opnuut fokus geplaas op gesonde leefstyle internasionaal; 'n sleutel tendens waarop rosyne moet kapitaliseer as 'n gesonde produk kategorie. Ons is kern belangrik om hierdie boodskap oor te dra om die wêreldvraag na ons produk te stimuleer, wat redelik onveranderd die afgelope dekades was.

In die algemeen, het die SA rosyntjiebedryf tot dusver ongedeerd weggestap van die pandemie. Verskeie hoëvlak gesprekke het bygedra dat die meeste landbou gewasse as essensieel beskou word, wat rosyne insluit. Alhoewel dit aangepaste protokolle vereis het, kon ons voortgaan om twee oeste af te haal, te verwerk en te bemark.

Nagenoeg 85% van totale rosyntjieproduksie word uitgevoer na verskeie markte wat Duitsland, Frankryk, Nederland, Kanada, VSA, die VK, Algerië en ander insluit. Dit beklemtoon ons bedryf dus onvoorwaardelik as 'n uitvoer georiënteerde bedryf. Dit stel ons verder ook direk bloot aan plaaslike beleidsverandering en enige verandering in die globale markomgewing waarin ons meeding, gekenmerk deur bewegings en onsekerhede geskep deur 'n verskeidenheid van faktore. Die pandemie is 'n sprekende voorbeeld. Dit het gewys dat die vraag na Goues beïnvloed word terwyl die vraag na Thompsons en SA Sultanas (WP's) steeds goed is.

Aksies wat onlangs geloods is, is daarop gemik om ons bedryf beter te voorsien van kritiese markinligting oor markbewegings en marktendense. Hierdie portefeulje sal groei in sy belangrikheid waar integriteit en akkurate inligting baie belangrik is tot die skep van waarde.

“

'n Groot eerste tree is gegee om ons bedryf in generiese terme te bemark. Die fokus hiervan is om ons produk te posisioneer as 'n premie-produk!

”



6. TRANSFORMASIE

6.1 Oorsig van portefeulje

In Suid-Afrika word transformasie in die landbousektor beskou as allergrootste belang tot die stabiliteit en vooruitgang van ons land se demokrasie. Transformasie word in dié konteks gedefinieer as die ontwikkeling en implementering van gepaste programme om ons opkomende swart produsente te ondersteun om die sprong te maak van opkomende- na kommersiële rosyntjieprodusent en om hul geleenthede tot marktoegang terselfdertyd uit te brei.

In ooreenstemming met die aanbevelings van die NAMC is Raisins SA verplig om 20% van die organisasie se statutêre heffing op transformasie-aktiwiteite te spandeer. Gevolglik is ons transformasiefonds op die volgende aktiwiteite gemik.

- Besigheidsontwikkeling (60%)
- Bestuur van ons transformasie-portefeulje (17%)
- Ontwikkeling van vaardighede (18%)
- Sosio-ekonomiese ontwikkeling (5%)

Ons transformasieplan word ingelig deur die NAMC se riglyne, soos verskaf op 30 Mei 2018, en goedgekeur deur die NAMC se transformasie- en oorsigkomitee op 23 April 2019.

Die doel van Transcom

Maak aanbevelings tot die direksie vir die bestuur van volhoubare ontwikkeling, transformasie, sosiale en etiese aspekte.

Doen aanbevelings rakende vaardigheidsontwikkeling in ooreenstemming met wetgewing.

Moniteer die korrupsie bestrydings omgewing en hou toesig oor die sake integriteit van die program.

Moniteer dat die gedragskode nagekom word om te verseker dat die organisasie getrou bly aan sy waardes en voldoen aan die beleid en standaarde.


Raisins SA se Transcom komitee bestaan uit die volgende lede:

Komiteelid	Instansie
Simone Sell	Raisins SA (Sekretaresse)
Nico Moloto	PepsiCo (Voorsitter)
Suzette Bosman	IDC
Lilian Senosi	Departement Landbou
Anthony Mac Minn	Sol Plaatjies Universiteit
ABI Messelaar	NAFU Provinsiale Beampte
Wiaan Janse van Rensburg	Raisins SA Direksie
Brian Makhele	NAMC
Gordon Africa	Kaninvest (Konsultant)


Fondse ge-in tot ons transformasie aksies vir 2020

Die begroting vir Raisins SA se Transformasie-portefeulje was net meer as R2 miljoen vir die 2020 finansiële jaar. Totale spandering was R4 396 549 en het 27% van totale spandering verteenwoordig. Ongeveer R2m se addisionele fondse is in die proses ingewin deur 3de party bydraes.

2020 was 'n baie goeie jaar vir die Transformasiebegroting. Ons kon dit regkry om die begroting meer as te verdubbel. Dit is slegs moontlik deur bydrae wat gemaak is deur beide openbare en privaat sektore wat ons vertrou het met die fondse. Dit was 'n inkomste van meer as R4m wat aangewend kon word vir Transformasie aangeleenthede.



FIGUUR 13: TRANSFORMASIE-INKOMSTE VIR 2020



FIGUUR 14: ADDISIONELE INKOMSTE

Fondse gespandeer 2020


